



PEDITATUS ON THE RUN

Official Newsletter of the Association



KOM OP PARADE

Wie is die Nasionale Uitvoerende Raadslede aan stuur van die SAIV sake?
Oor die volgende paar uitgawes sal hulle aan u bekend gestel word.

Logistiek



Uit die pen van kol (afgetree) Wickus van der Linde gebore op 26 Desember 1945 te Worcester.

“Na voltooiing van sy skoolloopbaan op Knysna in 1963 word hy in 1964 opgeroep vir diensplig by 1 SAI Bn Oudtshoorn waar hy twee famous ou's tegekome het naamlik kpls Viney en Bokko Coetser. Hierna beland hy by die Knysna Kommando, effe skietkommando en nie na smaak of belangstelling. Hy hou egter van hierdie akkies (sy vader, met slegs 20% sig, was

tewens tydens WW2 'n lid van die Civil Protection Corps in die Wes-Kaap, khakie uniform, .303. en al) en neem 'n besluit: hy hou van diens in uniform vir sy land maar die Staande Mag trek hom nie aan nie.

Vele kursusse verder en oor tyd vorder skutter van der Linde fluks deur die offisiere range. Na 'n beroepsverplasing bevind Van der Linde hom in Despatch in die Oos-Kaap waar hy kennis maak met die RSM van Uitenhage Kommando. Tiny Heyns wil die nuwe lid as adjudant-offisier laat oplei maar die Bevelvoerder besluit anders en Wickus word in Mei 1976 aangestel as bevelvoerder van Uitenhage Kommando wat hy in korte mette omskep in 'n pukka ligte infanterie "regiment" met eie pet-embleem, eenheidsflits, kravat, ruitergordel en bestaande uit 5 kompanies. Die eenheid staan hierna bekend as De Mist Kommando en vroeë word gevra in Pretoria.

Wat doen jy behalwe admin en drink, jy bied jou diens aan vir die oorlog! Hy neem aktief deel aan Operasie Icarus in opdrag van Blacky Swart SSO Ops by Sektor 10. Saam met Pine Pienaar in operasies uit Oshivello basis en daarna vanaf 51 Bn, nadat eersgenoemde vir Fred afgelos het by Sektor 10 op Oshakati, as SO1 Binnelandse Operasies toe Fred op Voorkursus moes gaan. En toe raak Fred siek! Dien as waarnemende bevelvoerder by 54 onder bevel van brig JJ Joubert en daarna brig Witkop Badenhorst, kapt Koos Sadie is die Inl Offisier. Sadie se hond Josef byt Gen Viljoen in die agter-ent toe hy omdraai om te gaan sit nadat hy die troepe op die geskiedkundige kersdag toegespreek het. 'n Insident wat Wickus nog so duidelik soos daglig onthou.

Die ongemaklike onrus/onlus situasie was 'n voltydse taak en met die goedgegunstige toestemming (eintlik opdrag) van sy werkgewer die Ooskaapse Administrasieraad (Louis Koch) word 'n operasionele basis op die buitengrens van Uitenhage gestig . Die basis het op enige gegewe tyd 5 kompanie gehuisves en dit was hier waar Wickus en Fred Burger mekaar vir die tweede keer gesien het nadat hy vir Fred afgelos het om op Voorkursus te gaan.

Na veel politikerei, en 'n kort loopbaan in diens van die Kwa Nobuhle (eerste "tyre moord") Stadsraad as Departementshoof Nooddienste en Polisie-ering, word die "aanbod " van die SAP om 'n polisieman te word van die hand gewys en is Wickus werkloos. (lekker stupid- kon as gen-maj SAP afgetree het.) Wickus, Kommandobevelvoerder SM, MMM, kry hy 'n joppie by die Pasque Organisasie en dit gaan weereens wonderlik tot die agbare president van die dag alles tot niet maak. 1 Aug 1992 sluit hy aan by die Staande Mag en beleef van sy beste rustige jare ooit. Tyd is nie jou eie maar jou dop wel! Wickus word aangestel as die SO1 Kommunikasie (Openbare skakeling / mediaskakeling) by Kommandement OP. Word ontplooi as 2IB /SO1Ops/ Skakeloffisier in Bisho tydens die Bisho Issue en 'n jaar later as Taakmag Bev Op Scorpion in die Transkei.

Wie onthou Wickys as Reserwemag lid: kpl Viney, kpl Bokko Coetzer (bliksems mostly),

Joffel v.d Westhuizen (een van die bestes) Bertie Botha, Falcon Ferreira, Joep Joubert, Ray Kruger, Blikkies Blignault, (gentlemen) Wollie Wolmaransen en die gunner, Reg Deysel, what a nice man! Wickus se eerste bevelvoerders in die Staande Mag was Bertie Botha, Falcon Ferreira, 2IC Jock Harris. Good people. Toe kom brig Rooi Toon Slabbert. yslike maklike man! "Wickus ek het volle vertroue in jou. Gaan voort!." Hy stig die Ondersteunersklub Indlovu! Wat 'n fees. Volgende baas van statuur, gen T.T Matanzima, kon nie beter . Twee jaar PSO vir die Generaal. In 2000 word hy verplaas na VHK as SSO Advies ten opsigte van Magsvoorbereiding en Aanwending, Divisie, Res Mag.

Wickus tree af in 2005 en word in 2006 aangestel as SO1 Mot Inf by Inf Form. Hy hou homself besig met die herstel van die Leer se Reserwemag Gevegssteun-eehede by die SA Leer Steunformasie en vanaf 2007 as SSO Militere Taptoes by die SA Leer Steunformasie/DSA Leer HK. Toe die hoof van die Leer besluit hy het sy tyd uitgedien was dit net betyds.

Ten opsigte van medaljes is Wickus heel gemaklik alhoewel hy erken dit is altyd lekker om te hoor "jy het 'n netjese stel," maar wat is dit werd? Nou net vir versiering by begrafnis. Tog was hy goed genoeg geag vir 'n SM tydens gen Joffel se tyd (die onlussituasie in die Ooskaap) MMM, waarvoor kan hy nie onthou nie asook al die diensmedaljes omdat niemand iets raakgesien het om hom voor te penaliseer nie, en dan die normale ysters wat almal kry. Meer belangrik vir Wickus is die twee Nederlandse koninklike toekennings en die medalje toegeken deur die Hertog van Luxemborg.

Wickus van der Linde kolonel (afgetree) is nou 'n aktiewe lid van die SAIV se NUR en is veral betrokke en verantwoordelik vir die logistieke portefeulje en veral die hantering van die regalia en informele klerasie.

Nou stap hy net ..."

(en dit is ook 'n storie op sy eie, want dis nie net in die buurt rondloop nie, nee Wickus doen dit graag op lang staptogte in die buiteland. Red)

TAK NUUS

Hinderlaag 7 Feb 2018 Pretoria



Die afgelope Hinderlaag was weereens 'n sukses, waar 44 mense die gesellige geleentheid bygewoon het.

Die Hinderlaag is geopen met 'n herinnering seremonie om hulde te bring aan die gevalle soldate. Die Ode van die Infanteris is voorgelees deur Lt genl R. Holtzhausen en die kers van herinnering is opgesteek deur AO1 J. Pearce.

Die ete, wat deur Bronberg voorgesit is, was soos gewoonlik van uitstaande gehalte en die weermag kroegpryse het ierder en elk waardeer. Baie dankie aan Flip Marx en sy knap span.

U word hartlik uitgeooi om hierdie geleenthede in die toekoms by te woon. Neem kennis dat besprekings noodsaaklik is en in hierdie verband kontak vir Geoff by 076 637 9355 of Geoff@bexlosa.com asseblief.



Om nog meer van die fotos en 'n video van die seremonie te besigtig. [Klik Hier](#)

LIDMAATSKAP

Die Lidmaatskap van die SAIV toon 'n baie gesonde groei. Gedurende Desember en Januarie is 25 nuwe aansoeke ontvang en verwerk. Lede word aangemoedig om die SAIV se facebook blad en webtuiste gereeld te besoek.

NB – LEDEFOOIE 2018

Ledefoos vir 2018/2019 is in Februarie betaalbaar asseblief. Betaal dit asseblief so gou moontlik direk in die SAIV se rekening in. Gebruik u voorletters en van as verwysing asseblief.

Om die Lidmaatskap aansoekvorm te voltooi. [Klik Hier](#)


LAST POST



Ray Kruger
22 Sept 1941 – 20 Dec 2017



JL (Jorrie) Jordaan
1 Oct 1943 – 8 Nov 2017



Niel Hartmann
12 Apr 1942 - 26 Dec 2018

PARADES

2018 Program

DATE	EVENT	VENUE	START TIME
31 May	Commemoration Service	Voortrekker Monument	11:00
11 November	Remembrance Sunday (Poppy day)	Union Buildings	11:00
11 November	City of Jhb Nat Remembrance Service	Cenotaph Library Gardens	TBA

For a full list is CMVO parades. [Click Here](#)

GESKIEDENIS VAN DIE INFANTERIE IN SUIDER AFRIKA, VOLUME II

Brig genl John Lizamore, is in Augustus 2013 getaak om te help om die geskiedenis van die Infanterie na te vors en dit formeel te boekstaaf. Volume 1 het reeds verskyn nl, "Assegais, Drums and Dragoons". Die skrywer is die bekende Willem Steenkamp van Kaapstad. Volume II, het 'n ontsaglike klomp tyd gevegg en ure is in die argiewe van veral die Voortrekkermonument gespandeer. Deurgaans is hierdie navorsing aan Willem deurgegee en hy het dan dit gebruik saam met sy eie navorsing wat hy in die Kaap gedoen het. Tans word al die feite bymekaar gesit en die geskiedenis word in 'n logiese vorm geskryf. Dit is natuurlik 'n voltydse werk van Willem Steenkamp.

Ongelukkig is die spasie in ons nuusbrief beperk om 'n hele samevatting te plaas. U word dus genooi om die volledige samevatting op ons webtuiste te gaan lees. Die boekstaving van die infanterie in Suider-Afrika word inklusief van alle rasse gedoen en beslis nie om een of ander persoonlike of politieke seining te weerspieël nie. Dit is nie net uiters interessant nie, maar ook insiggewend.

Volume II vertel die geskiedenis van die tydperk vanaf 1806 tot 1902. Vanaf die tweede besetting van die Kaap deur die Britte, tot aan die einde van die Anglo-Boere oorlog op 31 Mei 1902, met die Vrede van Vereeniging. Dit is 'n klomp geskiedenis en dit spreek alle oorloë en konflikte van die Boere, Britte en inheemse volke soos bv die Xhosas, Zoeloes, Matabeles, Basothos en andere, aan. Klem word veral gelê op die ontwikkeling van taktiek en die gebruik van verskillende vuurwapens, diere en formasies in die geveg, soos vir die aanval en verdediging, kommunikasie en logistieke ondersteuning. Geen doekies word omgedraai nie, die storie word vertel soos dit was.

Volume 3 sal dan die geskiedenis vanaf 1902 tot op hede dek. Dit is iets om na uit te sien. In die moderne tydperk vanaf die sewentiger jare is die geskiedenis reeds deur Willem geboekstaaf en dit is dan net 'n kwessie van tyd om alles bymekaar te pas. Hierdie volume sal ook die geskiedenis van die ou Infanterie Bond en die huidige Infanterievereniging, dek.

Om die volledige samevatting van Volume II te lees. [Kliek Hier](#)

FACEBOOK



Gedurende Januarie het die SAIV se facebook blad 307 lede bygekry en die nuwe facebook lede word hartlik verwelkom. Sluit gerus ook aan as 'n volwaardige SAIV lid.

Om die Lidmaatskap aansoekvorm te voltooi. [Kliek Hier](#)

STORIES / BYDRAES

Lede word aangemoedig om stories en of fotos in te stuur vir plasing in hierdie nuusbrief en ons [webtuiste](#). Skryf ook gerus aan die Redakteur sou iets u pla of net om te gesels.

Die epos vir alle gewaardeerde bydraes is: peditatus@sainfantry.co.za

Die Redakteur

